# Liturgiese Riglyne

**SONDAGOGGEND 09:00**

## Jeremia se koopkontrak vir 'n stuk grond

**Skriflesing**:
Jer 32

**Teksvers**:
Jer 32:13-16

**Sing**:
Ps 149-1:1,2
Ps 9-1:1,7
Ps 107-1:4
Ps 105-1:5
Ps 68-1:2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Gerrit Kruger

Wat hou die toekoms vir ons in, in Suid Afrika, maar veral in die kerk. Baie mense raak moedeloos. Maar as ons na die gebeure van Jeremia kyk, dan was Jeremia in 'n baie erger situasie as ons gewikkeld. God het Israel in sy gloeiende toorn uit Israel verjaag. Nogtans moes Jeremia 'n stuk grond koop.

- God beveel Jeremia om grond te koop.
- Daar is 'n wettige koopkontrak vir die grond.
- Ons koopkontrak is betaal vir ons ewige grond.

**SONDAGAAND 18:00**

## Vreemde Vuur vertoorn die Here

**Skriflesing**:
Levitikus 10:1-20

**Teksvers**:
Levitikus 10:1-3

**HK** Sondag 35

**Sing**:
Ps 97:1, 4
Ps 81:10, 13, 15
Sb 9-1:2, 3, 4
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

"*Eiesinnigheid is afgodery en beeldediens*." So wys Samuel vir Saul tereg in sy sonde met Amalek. As jy God anders dien as wat sy Woord beveel, skep jy 'n valse beeld. Dan verdraai jy God se Eie beeld na 'n andersoortige denkbeeld wat by jou inpas.

Met die instelling van die erediens by Sinai kom daar by die groot feestelikheid en opgewondenheid ook geweldige hartseer en droefheid. Äaron en sy seuns het pas die eerste offer gebring, en oomblikke later sterf twee seuns met vuur vanuit die hemel. Ons staan vanaand stil by die tweede gebod met die tema: vreemde vuur vertoorn die Here.



# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

**Jaargang 47 Nr 31 11 Sept 2022**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

## Voorbereiding met die oog op Nagmaalsviering

Calvyn het in Straatsburg waar hy predikant was, verwag dat alle voornemende Nagmaalsgangers hulleself gedurende die weke voor die Nagmaal by hom en die ouderlinge sal aanmeld met die oog op die behoorlike voorbereiding vir die gebruik van die Nagmaal. Dit is vir ons 'n bewys van hoe belangrik en hoe ernstig die viering van die Nagmaal is.

In artikel 62 van die Kerkorde word daar beskryf hoe die Nagmaal gevier moet word. Die vraag is: Het Nagmaalsviering nie by ons maar afgewater geraak nie? As ek hier is, is dit goed, en as ek nie hier is nie is dit ook maar goed so. Baie mense vra verbaas: "*O is daar Nagmaalsviering vandag*?"

Hoe kan dit dan wees dat jy jouself ernstig verootmoedig voor die Here as jy nie eers weet daar is Nagmaal nie? Daarom moet die ouderlinge toesig hou oor die gemeente deur huisbesoek en navrae na elke lidmaat se leer en lewe.

Die ouderlinge en die predikante moet toesien dat die Nagmaal tot eer van God gehou word. Alhoewel dit gewone brood en wyn is wat by die Nagmaal bedien word, dui dit op ons Here Jesus Christus se eie liggaam en bloed wat Hy aan die kruis gestort het vir ons sondes. Jesus se versoeningsdood was nie maar 'n ligtelike sakie nie, dit het helse pyn en smart en bloedvergieting gevra, sodat ons die ewige lewe kan verkry.

**Daarom** moet elkeen van ons onsself ernstig gaan voorberei met die oog op die Nagmaal. Gaan verootmoedig jou voor die Here. Bely jou diepe afhanklikheid van God. Bely jou sondes voor God. Vra vergiffenis daarvoor. Nagmaal kom nie maklik en goedkoop nie. Bel jou ouderling of predikant as daar sake is wat jy wil bespreek en uitklaar voor die Nagmaalsviering. Dan kan ons as gemeente volgende week die heilige Nagmaal vier met erns en opregtheid, met diepe ootmoed en verootmoediging voor God.

Ds. Gerrit

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

*Vrug van die Gees!*

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 20, Ps 40:4 Volgende week: Geen (Nagmaal)

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sustentasiefonds

**Volgende week:** Barmhartigheid

By die deure: Biblos

***Maandelikse bydraes dmv EFT***

***Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
| --- | --- | --- |
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



# Familie Naweek

**23-25 September**

**Tema: 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees**

Die Familie Naweek word gehou op die kerkterrein. Kom deel in 'n naweek vol pret en Geestelike verryking.

Begin Saterdagoggend met 'n vroegoggend (07:00) stap of koffie by die Smuts-huis voor die dag se program om 09:00 begin.

Stuur asseblief jou naam en kontaknommer na jou wyk se diaken.

Gee u naam vanoggend op by De Wet Burger (083 216 2876) onder die olyfboom.


**Gereformeerde Kerk Centurion**

## Kerkkamp 23-25 September 2022

## 'n Lewe vervul met die Vrug van die Heilige Gees

**Vrydag, 23 September**
18:00 Opening
Aandete
19:00 Vrugtemark – Groepsvorming – 7 geheime van sukses in die lewe
Samesang/Groepe
21:00 Afsluiting

**Saterdag, 24 September**
07:00 Smuts-huis stap
09:00 Koffie en Beskuit
09:30 Vrot Vrugte Verderf
10:30 Sluk 'n Slaaiblaar
11:00 Vars vrugte verfris
13:00 Middagete
Siesta
15:00 Soek 'n slak en gee hom sout (speletjies)
17:00 Braai en kuier
Samesang/Aanbied van Vrugte
Afsluiting




**Sondag, 25 September**
08:30 Samevatting en illustrasie
09:00 Erediens

**Alethea Adult Membership Classes**
13 Sept 2022
at 18:30
Presented by Ds Maarten
Enige Afrikaanssprekende lidmate is welkom om die klasse by te woon!!

**S e n d i n g o g g e n d**
22 Okt 2022
08:00—12:00
in die Kerksaal
Aangebied: Victor Pillay
Tema: Evangelisasie onder Moslems en Hindoes

# Geestelike Opbou

**~~11 Sept 2022~~**

Uitgestel tot verdere kennisgewing

## Jan die Koperkan



Voor by die hoofingang van die kerk staan 'n koperkan. Kom skenk gerus al u koper/silwer geld wat rondlê.

Alle gelde wat daarin gegooi word, word geskenk vir ons teologiese studente.

Baie dankie vir almal wat hierdie projek van ons so mildelik ondersteun.



**Besorg asb die blompot terug indien u Sondag die ruiker ontvang het. Dankie.**

## Bybels te Koop by die Kerkkantoor

**Afrikaans 2020 Spesiale Aanbod**
(slegs vanoggend)
Gewone Druk Harde Band R100

**Alle ander amptelike tale:**
Sagteband waar beskikbaar R75
Hardeband R135
Plaas u bestellings vir die volgende Bybels by die kerkkantoor:
**Groot Druk:**
Afrikaans 1983 Harde Band R300
Afrikaans 1983 Leer R525
Afrikaans 2020 Harde Band R325
Afrikaans 2020 Leer R460
**Gewone Druk Leer:**
Afrikaans 2020 R325
**Buitelandse Bybels:**
Frans, Portugees, Chichewa, Shona - Pryse beskikbaar op aanvraag
*Bybelpryse is onderhewig aan prysveranderinge by die Bybelgenootskap*



# *Verjaarsdae*

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11-Sep | Andrew | Marx | B12 | 27833370784 |
| | Toekie | Meyer | C06 | 27721930625 |
| 12-Sep | Louis | Dekker | B18 | 27845506904 |
| | Tiaan | Venter | B08 | 27768673700 |
| | Tjaart | Venter | B08 | 27823944924 |
| 13-Sep | Hein | Greyling | A02 | 27824194111 |
| | Mieke | Opperman | C11 | 27829426954 |
| 14-Sep | Christoff | van Wyk | B15 | 27822259831 |
| 15-Sep | Hennie | Jooste | C06 | 27761104638 |
| | Johann | vd Merwe | B02 | 27823340101 |
| | Lou | Venter | C11 | 27836448080 |
| 16-Sep | Fanie | Landsberg | C06 | 27828282144 |
| | Kirsten | Smith | B10 | 27828563704 |
| | Cecilia | Wolmarans | C14 | 27845200203 |
| 17-Sep | Anneme | de Waard | C13 | 27833763913 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 11-Sep | Christoph | Strydom | A04 | 27828722215 |
| 13-Sep | Aija | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| 14-Sep | Jana Mari | Pienaar | B13 | 27827097261 |
| | Wilco | Prinsloo | B04 | 27848814321 |
| | Lianey | Steyn | B08 | 27769051505 |
| | Luan | Wakeford | C07 | 27824500923 |
| 15-Sep | Dawid | Burger | B17 | 27737223587 |
| | Morné | Venter | B14 | 27724377852 |
| 16-Sep | Ellie | Grünenfelder | C15 | 27790877564 |
| 17-Sep | Rulandi | Venter | A16 | 27825622431 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Cas Swanepoel herstel baie goed na vliegongeluk en is steeds in ICU (A12—672 3941).
- ***Meelewing:***
  - Werni, Tia Grünenfelder en gesin na die afsterwe van Werni se suster.
  - Koos en Dalene Strydom na die afsterwe van Dalene se suster.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

Jesaja 46:4

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service
Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Van der Walt huisonderhoud—**Vir enige herstel-, verf-; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; plaveisel; dakwaterseëling; palissades; bouwerk; ens. Vir gratis kwotasie skakel Hennie vd Walt 0829274326/ hj2vdwalt@gmail.com.

**Professionele grimering** vir matriekafskeid, troue of spesiale geleentheid. Kontak Michelle vd Berg 0826402571 of michelle.minibar@gmail.com

**Lekker beskuit en koekies—**R50 vir 500g koekies (gemmer, klapper, soet, romany creams, crunchies, appelkooskonfyt). R100 - R120 vir 1kg beskuit (bran, meusli, karringmelk, cranberry, kaneel). Kontak Ria 0828752877.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig?** Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena 072 974 2728.

Ek spesialiseer in die **registrasie van huisoordragte.** Onthou dit is u, die Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag van diens wil wees. Pieter Wolmarans 083 949 88 99. PF Wolmarans Prokureurs.

Wil U graag jou huis met 14 grade C verminder in Somer en 10 grade C verhoog in Winter?. Installeer **glaswolmat** met Duitse tegnologie op jou plafon. Kontak Billy du Toit 0822121372 vir meer besonderhede.

**Tuinwoonstel te huur** (R3100) Lyttelton x1 vanaf 1 Okt. Enkellopende persoon, geen rook of troeteldiere. Geen deposito, W&L uitgesluit. Annatjie Rademan 076 408 6522.

---

## Koningskinders

Ons kuier saam met die kinders hier by die kerkgebou

**Vrydag, 16 Sept 2022**

om 14:00 tot 16:00

Kontak ds Lourens

# Bybelstudie

## Juventus (18-24)

Dinsdagaande 18:00

- - - - - -

## Ouventus (25-35)

Woensdagaande 19:00

### Eljada Huis

**<u>Volledige behoeftelys</u>:** Is op die kennisgewingbord geplaas

**<u>Deurlopende behoeftes</u>:** Margarien, konfyt, grondboontjiebotter, suiker, koffie, tee, hawermout, macaroni, rys, koekmeel, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, droë ertjies, soppoeier, waspoeier, toiletpapier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, sanitêre doekies.

Plaas die goedere in die waentjie onder die boom. Baie dankie.

Hennie vd Vyver 084 424 0421

### Aanbied van Bybelstudie by Eljada

Sou U bereid wees om een keer per maand Bybelstudie by Eljada Huis in Pretoria-Wes aan te bied? Ongeveer 10 mensies wat graag die Woord van die Here wil bestudeer. Werklik verrykend!

Indien U belangstel kontak asb vir Billy du Toit by 0822121372. Hulp en leiding sal deur my verleen word indien nodig.

### Afri-Duetfees 2022

Aangebied deur
GK Magalieskruin
Vrydag, 21 Oktober (19:00)
Saterdag, 22 Oktober (15:00)
Besprekings: 082 377 1112
Aangebied by **NGK Elarduspark**



### Breiprojek

Hallo dames! Hieronder is die lys van benodighede waarby ons Susters betrokke is. Ons ondersteun Afrikaans Toekoms Trust en Helpende Hand. Gebreide en gehekelde items kan in die *breiboks* agter in die saal geplaas word. As u belangstel in patrone, stuur asb u nommer na Heila by 0833163781.

Baie dankie vir al die items reeds ingehandig!

**Benodig**:

◊Serpe;

◊Musse;

◊Kindertruitjies vanaf 3 tot 9-jarige ouderdom;

◊Kopbande / haarbande vir vroue wat Chemo kry en

◊Barbie-popklere.

### TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**11-Sep-22**

| | |
|---|---|
| Magda vd Schyff | Blok A |
| Thereza Myburgh | Blok B |
| Marique Le Roux | Blok C |

**18- Sep-22**

| | |
|---|---|
| Ronel Hoogenboezem | Blok A |
| Petra Terblanche | Blok B |
| Marietjie Smit | Blok C |

### GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.

## Alethea Women's Day

17 SEPTEMBER 2022

09:30 - 12:00

COME JOIN IN A CREATIVE MORNING WHERE WE SHARE THE SPLENDOUR OF GOD.
COFFEE / TEA AND A LIGHT LUNCH WILL BE SERVED.

FREE ENTRY - BUT SAVE YOUR SEAT BEFORE 9 SEPTEMBER 2022
REGISTER WITH ELLIE ON SUNDAY OR ON 082 928 7802

**Isaiah 35:2 - The splendour of our God!**